

A wedding couple is shown in a field. The groom, on the left, is wearing a dark blue three-piece suit with a green tie and a boutonniere that says 'BRUIDE'. He is laughing and looking towards the bride. The bride, on the right, is wearing a white lace wedding dress and holding a large bouquet of flowers with greenery and pink roses. She is smiling and looking at the groom. The background is a soft-focus field of tall grass under a bright sky.

Jy is
kosbaar
vir God


Jesaja 62:1-5












A wedding ceremony is taking place in a garden. A bride in a long white dress and a groom in a dark suit are walking down a path. They are surrounded by guests and floral decorations. The scene is set outdoors with trees and a white backdrop in the background.

¹Ter wille van Sion sal ek nie swyg nie,
ter wille van Jerusalem sal ek nie stilbly nie
totdat daar vir hom redding deurgebreek het soos 'n
nuwe dag,
soos die lig van 'n brandende fakkel.

²Die nasies sal sien dat jy gered is, Jerusalem,
al die konings sal sien dat jy mag het.
Jy sal 'n nuwe naam kry,
'n naam wat die Here self vir jou gekies het.

Jesaja 62:1-5



³Die Here sal jou soos 'n sierlike kroon in sy hand hou,
jou God sal jou soos 'n koninklike tulband vashou.
⁴Jy sal nie meer die verstote vrou genoem word nie,
en jou land nie meer die een wat verlate lê nie.
Jy sal genoem word: "Die een vir wie die Here liefhet,"
en jou land: "Die een wat aan die Here behoort."
Die Here het jou lief,
en jou land behoort aan Hom.

Jesaja 62:1-5

A wedding ceremony taking place in a rustic wooden structure with large pillars. A bride in a white gown and veil is walking down a path, followed by a groom in a dark suit. Other guests are visible in the background. The scene is outdoors with trees and foliage visible through the structure.

⁵Soos 'n jong man met 'n meisie trou,
so sal jou volk jou syne maak
en vir jou sorg.

Soos 'n bruidegom bly is oor sy bruid,
so sal jou God oor jou bly wees.

Jesaja 62:1-5



Ter wille van Sion sal ek nie swyg nie,
ter wille van Jerusalem nie rus nie,
totdat haar geregtigheid deurbreek soos 'n helder lig,
haar verlossing brand soos 'n fakkel.

Jesaja 62:1



Nasies sal jou geregtigheid sien, en al die konings jou roem. Aan jou sal 'n nuwe naam gegee word; die mond van die Here self sal dit bepaal.

Jesaja 62:2



Jy sal 'n sierlike erekroon wees in die hand van die Here,
'n kosbare koninklike hoofband in die handpalm van
jou God.

Jesaja 62:3



Mense sal nie meer vir jou sê “Verlatene” nie, en vir jou land nie meer sê “Woesteny” nie; maar jy sal genoem word “My Vreugde is in Haar”, en jou land “Getroude”. Want die Here vind vreugde in jou, en jou land sal getroud wees;

Jesaja 62:4



ja, soos 'n jong man trou met 'n jong meisie, sal jou
kinders met jou trou. Met die vreugde van 'n bruidegom
oor sy bruid, sal jou God Hom oor jou verheug.

Jesaja 62:5




Wat doen Jesus?

- Hy is die lig
- Gee ons 'n nuwe naam
- Wys dat ons vir God kosbaar is
- Hy kom haal sy bruid

A wedding ceremony is taking place in a garden. A bride in a long white gown is walking down a wooden aisle. In the background, there are trees and a wooden structure. The scene is outdoors and appears to be a wedding ceremony.

²En ek het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, van God af uit die hemel uit sien afkom. Die stad was gereed soos 'n bruid wat vir haar man versier is. ³Toe het ek 'n harde stem van die troon af hoor sê: "Kyk, die woonplek van God is nou by die mense. Hy sal by hulle bly; hulle sal sy volke wees, en God self sal by hulle wees as hulle God.

Openbaring 21:2-3



⁹Toe het een van die sewe engele wat die sewe bakke het waarin die sewe laaste plaes was, gekom en met my gepraat. "Kom," het hy gesê, "ek sal jou die bruid wys, die vrou van die Lam."

¹⁰Ek is toe deur die Gees meegevoer en die engel het my na 'n groot hoe berg toe geneem en die heilige stad Jerusalem vir my gewys, wat van God af uit die hemel uit afkom. ¹¹Die stad het die heerlikheid van God: sy glans is soos dié van die kosbaarste edelsteen, soos 'n kristalhelder opaal.

Openbaring 21:9-11



²²'n Tempel het ek nie in die stad gesien nie, want sy tempel is die Here God, die Almagtige, en die Lam. ²³Die stad het nie die son en die maan nodig om hom te verlig nie, want die heerlijkheid van God het hom verlig, en die Lam is sy lamp. ²⁴Die nasies sal in die stad se lig lewe, en die konings van die aarde verleen luister daaraan.

Openbaring 21:22-24



Wat moet ons doen?

- Hou aan bid en getuig
- Moenie vergeet nie!
- Skyn God se lig
- Leef vanuit God se vreugde



A wedding photograph of a bride and groom standing in a field. The groom is on the left, wearing a dark blue suit and a green tie, laughing with his head tilted back. The bride is on the right, wearing a white lace wedding dress and holding a bouquet of flowers, smiling at the groom. The background is a soft-focus field of tall grass under a bright sky.

Jy is
kosbaar
vir God

Jesaja 62:1-5